Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

GESKIEDENIS V2

PUNTE: **150**

TYD: **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en ’n addendum van 14 bladsye.

Free past papers & memos at studypapers.co.za

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   AFDELING B: OPSTELVRAE

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: TOT DIE HEDE

2. AFDELING A bestaan uit drie brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde óf opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

Free past papers & memos at studypapers.co.za

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

VRAAG 1: HOE HET DIE MASS DEMOCRATIC MOVEMENT (MDM) DIE SEGREGASIEWETTE VAN DIE APARTHEIDSREGERING IN DIE 1980's UITGEDAAG?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Definieer die konsep *anti-apartheidsgroepe* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Watter organisasie, volgens die bron, is as 'n anti-apartheidsopvolger van die United Democratic Front (UDF) gestig? (1 x 2) (2)

1.1.3 Wat, volgens die bron, het die UDF van die MDM verwag? (2 x 1) (2)

1.1.4 Lewer kommentaar op die implikasie van die stelling: "n voorwaarde vir affiliasie met die MDM was die nakoming van die voorwaardes van die ANC se Vryheidsmanifes', in die konteks van die stryd teen apartheid. (2 x 2) (4)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Verduidelik die boodskappe wat deur die foto oor die MDM se 'Oop Hospitale ('Open Hospital')'-uittartingsveldtog teen segregasie oorgedra word. (2 x 2) (4)

1.2.2 Lewer kommentaar op die rassesamestelling van die betogers wat aan hierdie veldtog deelgeneem het. (1 x 2) (2)

1.3 Verwys na Bron 1A en 1B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1A die bewyse in Bron 1B ondersteun met betrekking tot die uittartingsveldtogte wat die MDM in 1989 teen segregasiewette georganiseer het. (2 x 2) (4)

Free past papers & memos at studypapers.co.za

1.4 Gebruik Bron 1C.

1.4.1 Identifiseer die TWEE leiers wat 'n optog na die parlement op 13 September 1989 gelei het. (2 x 1) (2)

1.4.2 Verduidelik wat Tutu bedoel het met sy uitdrukking: 'Vyftien is 'n slagting … selfs al werk ons net met húlle getalle, is dit 'n skandaal (skande)', in die konteks van polisiereaksie op betogers. (2 x 2) (4)

1.4.3 Waarom, volgens die bron, het De Klerk toegelaat dat die optog voortgaan? (1 x 1) (1)

1.4.4 Verduidelik wat De Klerk bedoel het met sy stelling: 'Die deur na 'n nuwe Suid-Afrika is oop. Dit is nie nodig om dit af te breek nie.' (1 x 2) (2)

1.4.5 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n navorser wat die gebeure wat op 13 September 1989 tydens die vredesoptog na die Kaapstad Stadsaal plaasgevind het, bestudeer. (2 x 2) (4)

1.5 Lees Bron 1D.

1.5.1 Noem DRIE maniere hoe die polisie opgetree het teen die MDM-leiers en betogers wat hulle inperkingsbevele oortree (verbreek) het. (3 x 1) (3)

1.5.2 Definieer die term *uittartingsveldtog* in die konteks van aktiwiteite wat in September 1989 deur die MDM georganiseer is. (1 x 2) (2)

1.5.3 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat die polisie op 2 September in Mitchell's Plain hul mag misbruik het. (1 x 2) (2)

1.5.4 Waarom, dink jy, het Luitenant Gregory Rockman kommentaar gelewer dat sy kollegas soos 'wilde honde met 'n moordinstink' opgetree het? (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die MDM die segregasiewette van die apartheidsregering in die 1980's uitgedaag het. (8)

[50]

Kopiereg voorbehou

Free past papers & memos at studypapers.co.za

VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD OP DIE PEBCO-DRIE HANTEER?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Wat, volgens die bron, was die hoofdoelwitte met die stigting van die Port Elizabeth Black Civic Organisation (PEBCO)? (1 x 1) (1)

2.1.2 Identifiseer TWEE protesaksies in die bron wat PEBCO, as 'n affiliaat van die UDF teen sekrer produkte onderneem het. (2 x 1) (2)

2.1.3 Wat, volgens die bron, was die sentrale politieke leerstelling van die ANC? (1 x 2) (2)

2.1.4 Wat, dink jy, het die polisie gehoop om te bereik deur die PEBCO-drie te ontvoer? (2 x 2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Waarom, dink jy, is hierdie artikel in Mei 1985 op die voorblad van die *Cape Times* gedruk? (2 x 2) (4)

2.2.2 Wat word geïmpliseer deur die stelling: '... hulle (die familie) sou nie hul soektog na die mans opgee totdat hulle gevind word nie – dood of lewend', in die konteks van die verdwyning van die PEBCO mans? (2 x 2) (4)

2.3 Verwys na Bron 2A en 2B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2A die bewyse in Bron 2B ondersteun met betrekking tot die verdwyning van die PEBCO-drie. (2 x 2) (4)

2.4 Gebruik Bron 2C.

2.4.1 Definieer die konsep *Askari* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.4.2 Waarom, volgens die bron, was Mamasela van Vlakplaas na Port Elizabeth gestuur? (1 x 1) (1)

2.4.3 Waarom, dink jy, het die polisie 'n braai tydens ondervraging gehad? (1 x 2) (2)

2.4.4 Lewer kommentaar oor die betroubaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die amnestieproses van die WVK bestudeer. (2 x 2) (4)

2.4.5 Hoe, volgens die bron, is Galele aangerand? (2 x 1) (2)

Kopiereg voorbehou

Free past papers & memos at studypapers.co.za

2.5 Lees Bron 2D.

2.5.1 Waar, volgens die bron, was die drie gemeenskapsleiers ontvoer. (1 x 1) (1)

2.5.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom die WVK die oortreders amnestie geweier het. (2 x 2) (4)

2.5.3 Verduidelik die term *ontvoering* in die konteks van maatreëls wat deur die veiligheidspolisie teen PEBCO-drie geneem is. (1 x 2) (2)

2.5.4 Identifiseer die veiligheidspolisie aan wie amnestie, vir die ontvoering en moord op die drie leiers, deur die WVK geweier is. (3 x 1) (3)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) die moord op die PEBCO-drie hanteer het. (8)

[50]

Free past papers & memos at studypapers.co.za

VRAAG 3: HOE AFFEKTEER GLOBALISERING DIE EKONOMIEË VAN ONTWIKKELDE EN ONTWIKKELENDE LANDE?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Identifiseer, uit die bron, die TWEE doelwitte van globalisering. (2 x 1) (2)

3.1.2 Lewer kommentaar op wat geïmpliseer word deur die stelling: 'Hierdie benadering tot mededinging word verkry deur die diversifikasie van hulpbronne, die skep van nuwe beleggingsgeleenthede deur die opening van bykomende markte en toegang tot nuwe grondstowwe en hulpbronne.' (2 x 2) (4)

3.1.3 Noem DRIE maniere uit die bron wat aandui hoe diversifikasie van hulpbronne instellings versterk het. (3 x 1) (3)

3.1.4 Identifiseer, uit die bron, enige vooraanstaande ïndustrialiseerde land. (1 x 1) (1)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

3.2.1 Wat, volgens die bron, was die gevolge van globalisering? (2 x 1) (2)

3.2.2 Definieer die term *ontwikkelde lande* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.2.3 Wat, volgens die bron, is die rol van EMOL's in die wêreldmark? (2 x 1) (2)

3.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar oor waarom daar geen waarborge is dat die welvaart van inkomende belegging die plaaslike gemeenskap sal bevoordeel nie. (2 x 2) (4)

3.3 Gebruik Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik die simboliese voorstelling van die direkteure of leiers van die Wêreldhandelsorganisasie. (2 x 2) (4)

3.3.2 Wat, dink jy, word impliseer met die stelling: 'ARM LANDE WIL OOK HÊ DAT HUL RYKES RYKER MOET WORD,' oor die voordele van globalisering aan arm lande? (2 x 2) (4)

3.4 Vergelyk Bronne 3B en 3C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3C die inligting in Bron 3B ondersteun rakende die ontwikkelde lande se bydrae tot globale ekonomiese groei. (2 x 2) (4)

3.5 Gebruik Bron 3D.

Free past papers & memos at studypapers.co.za

3.5.1 Verduidelik die term *multinasionale korporasies* in die konteks van MNC se rol in ontwikkelde of ontwikkelende lande. (1 x 2) (2)

3.5.2 Wat, dink jy, word bedoel met die stelling: '14 miljoen Amerikaanse werksgeleenthede was moontlik in gevaar oor die volgende dekade'? (1 x 2) (2)

3.5.3 Waarom, volgens die bron, was daar teenstanders teen buitelandse belegging? (2 x 1) (2)

3.5.4 Lewer kommentaar op die beperkings van hierdie bron vir 'n historikus wat die impak van multinasionale korporasies op arm of ontwikkelende lande bestudeer. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe globalisering die ekonomieë van ontwikkelde en ontwikkelende lande affekteer. (8)

[50]

Kopiereg voorbehou

Free past papers & memos at studypapers.co.za

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Die Swartbewussynsbeweging het geglo dat swart mense hulself sielkundig moes bevry en selfstandig moes word in hul stryd om die apartheidsregering vanaf die 1960's tot die 1970's uit te daag.

Stem jy met die stelling saam? Gebruik relevante bewyse om jou argument te staaf. **[50]**

VRAAG 5: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Die pad na demokrasie is gekenmerk deur die voortdurende uitbreek van geweld en konflikte wat nie daarin geslaag het om die eerste demokratiese verkiesings in Suid-Afrika in 1994 te stop nie.

Bespreek hierdie stelling krities. Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Verduidelik tot watter mate Gorbachev se hervormings in die Sowjetunie in die middel-1980's FW de Klerk beïnvloed het om politieke hervormings in te stel wat die weg vir onderhandelinge vir 'n demokratiese Suid-Afrika gebaan het.

Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

Free past papers & memos at studypapers.co.za